

BREDASDORP

HOËRSKOOL

12 Desember 2023

Geagte Ouer(s)/Voog(de)



HIGH SCHOOL

2023 was 'n geseënde jaar met baie redes vir dankbaarheid. Ons kon al die uitdagings oorkom danksy die ondersteuning van die bekwame personeel, beheerliggaam en ouers.

JAARTEMA

Ons is opgewonde om ons jaartema, **CONNECT**, in 2024 uit te leef. In 2024 beoog ons om leerders aan te moedig om uit te reik na mekaar en betrokke te wees in hul onderskeie gemeenskappe. Ons wil graag leerders aanmoedig om buite hul gemakssone te leef.

Die vier kwartaaltemas is: Connect met Mense, Geestelik, Die wêreld en ons Gemeenskap.

TOP 10 AKADEMIESE PRESTASIES

GR.8

1	MALIENKE VAN WYK	91,38
2	RÉMY WESSELS	90,88
3	NINA TERBLANCHE	88,88
4	MICKYLA DE VILLIERS	86,75
5	JUANÉ STEYN	86,25
6	HUGO PRETORIUS	84,75
7	ZANI NEETHLING	84,25
8	DIRK NEETHLING	83,38
9	NICOLA BRAND	80,00
10	SHENIQUE MURTZ	79,13

GR.9

1	QULES ROELOFFZE	86,25
2	HUGO BESTER	85,88
3	PHILIPPUS PETRUS FICK	84,75
4	JULIA DE WET	81,50
5	EVAN VERA MEYER	81,13
6	MANDE MARI DARBY	80,88
7	ZOE ASH LEE OCTOBER	80,25
8	PETER JOHN CARSTENS	79,88
9	MARIUS WASSERMAN	79,25
10	CASEY MOSES	77,50

GR.10

1	MIEKE SAAYMAN	90,83
2	SUZANNE PRETORIUS	90,00
3	MILAN DANIEL	80,33
4	WILLEM STRAUSS	79,67
5	JUNICKE NEWMAN	77,83
6	ANÉ KOCH	77,50
7	MINKE TERBLANCHE	76,17
8	KAYLA MC KINNON	74,50
9	AIMEE SWART	73,50
10	DARREN JONES	72,83

GR.11

1	SOMÉ LOUW	93,67
2	TANYA VAN DER MESCHT	89,17
3	HELENA KRIEL	87,67
4	JACQUES HARMSE	85,83
5	MINKE DU TOIT	82,67
6	DEON HARMSE	82,17
7	HILKE SWANEPOEL	81,83
7	LYNNE CLOETE	81,83
8	JUAN FERREIRA	79,67
9	ANJA GEYER	79,17
10	THOMAS FOURIE	78,50

Congratulations!

*We are SO
Proud of You!*

HANDBOEKE

Die handboeke is reeds uitgedeel en ons versoek graag dat dit gedurende die vakansie met plastiek oorgetrek word.

Daar is op 17 Januarie 2024, vanaf 14h30, weer 'n geleentheid om handboeke te kry.

SKRYFBOEKE

Ouers is verantwoordelik vir die aankoop van sy/haar kind se eie skryfboeke. Dit is die verantwoordelikheid van ouers om seker te maak hul kinders het die regte boeke wanneer die skool op 17 Januarie 2024 open. 'n Lys van die skryfboeke wat u kind gaan benodig, is reeds per whatsapp versprei.

Die volgende verskaffers waar u aanlyn kan koop, word aanbeveel. Hoërskool Bredasdorp word daardeur bevoordeel met tot 'n 7% terugbetaling op aankope:

Boost Procurement

Waltons

Premium Computers (plaaslik, nie aanlyn nie)

RIEM PAPIER

Elke leerder is verplig om op Woensdag, 17 Januarie een riem fotostaatpapier saam skool toe te bring.

SKOOLGELD

Die skoolgeld vir 2024 beloop R28 050,00 per jaar. Dit is betaalbaar in 11 gelyke maandelikse paaimente van R2 550,00 met ingang Januarie tot November, verkieslik voor of op die 7de van elke maand. Andersins moet dit op die laaste aan die einde van die maand betaal wees.

Indien u verkies om van kwartaallikse/halfjaarlikse/jaarlikse betalingfrekwensies gebruik te maak, moet die betalings aan die begin van die betalingsfrekwensie plaasvind, aangesien skoolgeld streng vooruitbetaalbaar is.

Ons wil dit sterk aanbeveel dat u van die skool se debietorderstelsel gebruik maak, in welke geval u nie by u bank vir 'n aftrekorder hoef te reël nie. 'n Debetordermagtiging is by hierdie brief ingesluit. DIE VOLTOOIDE EN GETEKENDE DEBIETORDER MOET ASSEBLIEF VOOR/OP DINSDAG, 12 DESEMBER 2023, BY DIE DEBITEURE INVORDERAAR, MNR PIET SMIT, ingehandig word, of per e-pos gestuur word na skoolgeld@hsbredasdorp.co.za Die eerste paaiment van Januarie 2024 moet vóór 20 Desember 2023 op die sisteem gelaai word.

Neem ook kennis dat die skool oor kaartfasiliteite beskik.

Indien u verkies om elektronies te betaal, is die skool se bankbesonderhede as volg:

Hoërskool Bredasdorp

Absa Bank

Tjekrekeningnr: 1780210040

Takkode: 632005

Gebruik as verwysing: Leerder se naam, van en graad 8

Alle navrae oor skoolgelde moet aan mnr Piet Smit, by 028-424 1210, gerig word.

AFSLAG OP SKOOLGELD

Ouers wat vir finansiële hulp of kwytskelding aansoek wil doen, kan die vorm vanaf 17 Januarie, by die kassier, me Judith Vermeulen, by die skool, kom afhaal (een van die ouers moet persoonlik

daarvoor teken). Die voltooide aansoekvorm met gepaardgaande dokumentasie en bewysstukke MOET voor 29 Februarie by me Vermeulen ingehandig word.

Sou 'n ouer vir volle vrystelling kwalifiseer, bepaal 'n resolusie wat deur die ouers by die Algemene Oueraand op 2 November 2023 goedgekeur is, dat hierdie ouers wat volle kwytskelding ontvang versoek word om steeds 'n vrywillige bedrag oor 11 maande te betaal. Hulle is welkom om met mnr Smit hieroor te gesels.

HELDERSIG KOSHUIS

Die koshuis sal op Dinsdag, 16 Januarie, vanaf 14:00 oop wees vir gr 8-koshuisleerders om aan te meld. Die koshuis open vir alle ander leerders eers op Dinsdag, 16 Januarie, vanaf 16:00. Enige navrae kan aan die superintendent, mnr Christopher van Niekerk, by 082 820 1033 gerig word.

Die koshuisgeld vir gr 8-11 leerders vir 2024 beloop R27 082,00 per jaar (R2 462,00 per maand) en is betaalbaar in 11 gelyke maandelike paaielemente met ingang Januarie tot November. Die gr 12's betaal R2 710,00 per maand oor 10 maande, vanaf Januarie tot Oktober.

Die koshuis verwelkom dagskoliers wat teen R70 per dag 'n middagete tydens tweede pouse kry en middag vir 'n uur lank onder toesig kan studeer. Kontak asseblief vir mnr Christopher van Niekerk indien u van hierdie fasiliteite gebruik wil maak. Ouers kan leerders tot 17:00 by die koshuis oplaai.

'n Deposito van R2 500.00 (gr 8-12) om u kind se plek in die koshuis te verseker MÓÉT voor 14 Desember in die koshuis se rekening inbetaal wees. U kan dit ook by me Mariana Wessels by die skool kom betaal.

Die koshuis se bankbesonderhede is:

Heldersig Koshuis

Absa Bank

Rekeningnr: 1780143386

Takkode: 632005

Verwysing: Leerder se naam, van en graad

Enige navrae oor koshuisgelde moet aan me Mariana Wessels by 028-424 1210 gerig word.

CASIO-SAKREKENAARS

Skaaf asseblief vroegtydig 'n wetenskaplike CASIO-sakrekenaar (verkieslik FX-82ZA) aan. Daar is nog 'n paar teen R250,00 elk by die skool te koop. Betalings vir sakrekenaars moet asseblief in kontant of per kaart by mnr Piet Smit, by die skool, gedoen word. U kan dit reeds voor 14 Desember vanjaar kom koop. **Sakrekenaars is verpligtend vir alle leerders.**

SKOOL SPORTSAK

Die BD-sportrugsak of 'n togsak sal volgende jaar by die snoepie verkoop word. Alle leerders is verplig om 'n BD-sak te koop indien hulle 'n sak vir sport benodig.

SKOOLTASSE

Ons is in die proses om BD-skooltasse te laat maak. Dit sal later in 2024 beskikbaar wees. Leerders kan dus 'n erkende blou, groen, swart of bruin skooltas gebruik. Die BD-skooltas sal verpligtend wees vir alle gr 8's van 2025.

SKOOLKLERE

Nuwe skooldrag is in die skool se gedragskode, wat by die skool se sekretaresse beskikbaar is, omskryf. Nuwe skool- en sportdrag is beskikbaar by De Jagers. Tweedehandse skoolklere kan

reeds vanaf 20 November 2023 teen billike pryse by die skoolsnoepie gekoop word. Kontak asseblief vir me Dot du Toit by 062 132 0807 om 'n afspraak by die snoepie te maak.

BUSTARIEWE

Die bustariewe vir 2024 is as volg:

R30 – na Struisbaai, Napier, Arniston, Elim

R70 – na Caledon, Hermanus, Gansbaai, Riviersonderend, Swellendam, Bonnievale

R100 – afstande verder as bogenoemde dorpe, bv. Riversdal, Robertson, Grabouw, Kaapstad

Indien u 4 buskaartjies gelyk koop, kry u afslag. U betaal dan R270 vir vier R70-kaartjies en R380 vir vier R100-kaartjies. Die kaartjies is by mev Judith Vermeulen, by die skool, te koop.

TOERTARIEWE

Indien u kind op 'n uitstappie gaan waar hy/sy een aand gaan oorslaap, sal die bustrafief R200 wees. Indien u kind op 'n toer of uitstappie meer as een aand oorslaap, is die bustarief R300.

KOMMUNIKASIE MET OUERS

Hoërskool Bredasdorp se nuus, foto's en uitslae verskyn weekliks in 'n nuusbrieff en op die skool se Facebook-blad. Die nuusbrieff word elektronies via whatsapp aan ouers versprei.

Ouers word versoek om die d6+ toepassing ("app") op hul selfone of rekenars te installeer sodat hul byvoorbeeld belangrike datums, hul kinders se oortredings, punte ensovoorts tot hul beskikking het.

BD-OUERS ONDERSTEUNERSKLERE EN -ITEMS

BD-ondersteunersklubklere en -items sal by Star Signs in die dorp te koop wees. Die kleure is dieselfde as dié van die laerskool. Ouers mag kies watter skool se logo op die item moet kom.

SPORTUITSLAE & PRESTASIES

1. Jukskei

Markus de Villiers, gr 10, neem reeds vanaf 8 Desember, in Kroonstad, aan die SA Jukskeikampioenskappe deel. Ons wens hom sterkte toe.

2. Dogterskrieket

Anelmari van Niekerk, gr 12, neem tans in Kaapstad vir die Boland O.18A-dogterskrieketspan aan die Nasionale Kampioenskappe deel.

3. Sewesrugby

Norté Mintoer en Kyle Willeman, beide gr 11, het 'n Boland Sewes Streekspan in Dubai verteenwoordig waar die span 'n brons medalje verower het. Hulle het teen skoolstreekspanne vanoor die wêreld deelgeneem. Baie geluk, Norté en Kyle.

Ons vertrou dat u en u gesin 'n wonderlike Kersvakansie sal geniet. Ry veilig indien u op die paaie gaan wees en rus goed uit vir die bedrywige 2024 wat voorlê.

Die uwe



MNR G M RETIEF
SKOOLHOOF